Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds

Notule

van die
Twee-en-Dertigste Algemene Jaarvergadering
gehou in die
C R Louw Lesingsaal, Sanlam Hoofkantoor, Strandweg, Bellville
27 Mei 2016

NOTULE VAN DIE TWEE-EN-DERTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE KAAPSE GEMEENSKAPLIKE PENSIOENFONDS GEHOU IN DIE C R LOUW LESINGSAAL, SANLAM HOOFKANTOOR, BELLVILLE OP VRYDAG 27 MEI 2016

TEENWOORDIG:	Mnr H F Botha : Voorsitter Me M van Zyl : Onder-voorsitter 6 Lede van die Raad van Trustees Ms I Hartlief : Hoofbeampte 31 Afgevaardigdes en 8 waarnemers
VERSO FINANSIËLE DIENSTE:	Adv C J Franken Mnre E Thomson en G Greenfield Me N Botha, M Engelbrecht, S Erasmus, D Morreira en Y Wilken
OLD MUTUAL: KORPORATIEF	Me V Nelson en E D'Oliviera Mnr A de Vos
GRAYSWAN BELEGGINGS:	Mnr D Theron
MMI GROEP:	Mnr S Neethling Me H Maeder
SIMEKA KONSULTANTE & AKTUARISSE:	Mnr B du Plessis
VERSKONINGS:	Mnr P Esterhuizen : Pensioenaris Trustee Mnr J Lawack : Raadslid Trustee

1. OPENING VAN VERGADERING EN VERWELKOMING VAN AFGEVAARDIGDES

1.1 Die voorsitter verwelkom al die afgevaardigdes, diensverskaffers en lede van die Raad van Trustees by die 32ste Algemene Jaarvergadering van die Fonds. Hy spreek sy waardering uit vir die moeite wat deur almal gedoen is om die vergadering by te woon. Hy sê dat hy trots is op die Fonds se prestasies oor die laaste finansiële jaar ten spyte van verskeie uitdagings. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die nuwe Hoofbeampte, mev Ilse Hartlief, wat haar eerste Algemene Jaarvergadering van die Fonds bywoon.

1.2 Die vergadering word deur mnr Edward Thomson met skriflesing en gebed geopen.

2. KENNISGEWING VAN VERGADERING

Die voorsitter kondig aan dat, ooreenkomstig die Reëls van die Fonds, daar behoorlik kennis gegee is van die 32ste Algemene Jaarvergadering. Hy bevestig dat 'n kworum afgevaardigdes teenwoordig is, en verklaar dat die vergadering BEHOORLIK GEKONSTITUEER is.

3. BEKRAGTIGING VAN NOTULE

Daar word voorgestel en gesekondeer dat die NOTULE van die Algemene Jaarvergadering, gehou op 29 Mei 2015, GOEDGEKEUR word.

4. VOORSITTERSREDE (Bylae A)

Die Onder-voorsitter, me Michelle van Zyl, neem die voorsitterstoel oor terwyl die Voorsitter sy rede lewer. Die voorsittersrede word met dank AANVAAR.

5. VOORLEGGING: BELEGGINGS EN FONDSPRESTASIE

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorlegging deur Mnr Duncan Theron van GraySwan Investments, die Fonds se aangestelde beleggingskonsultant.

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

6. VOORLEGGING: AKTUARIËLE WAARDASIE

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorlegging deur Mnr Sean Neethling van MMI Groep, die Fonds se aangestelde aktuaris.

Daar word ook KENNIS GENEEM van die opsomming van die aktuariële waardasie soos op 30 Junie 2015. (Bylae B)

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

7. VOORLEGGING: JAARLIKSE FINANSIËLE STATE

Mev Yvonne Wilken van Verso Finansiële Dienste, die Fonds se aangestelde administrateur, lê die Jaarlikse Finansiële State soos op 30 Junie 2015 voor.

Daar word voorgestel en gesekondeer dat die finansiële state en die verslag GOEDGEKEUR word.

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

8. VOORLEGGINGS: FONDSREËLS EN WYSIGINGS / WETGEWENDE OPDATERING / FINALISERING VAN DIE VASTE VOORDELE AFDELING HERSTRUKTURERING / IN-FONDS LEWENDE ANNUITEIT

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorleggings deur Mnr Braam du Plessis van Simeka, die Fonds se aangestelde konsultant.

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

9. BEKENDSTELLING VAN FONDS SE NUWE IDENTITEIT

Die Voorsitter lig die vergadering in dat die Fonds vir Old Mutual Korporatief aangestel het as die Fonds se nuwe Kommunikasie Konsultante met effek vanaf 1 Januarie 2016. Old Mutual het die Fonds gehelp om hul verbeterde kommunikasie strategie uit te rol. Hy sê verder dat ten einde die Fonds se transformasie te voltooi en om die Fonds se aanloklikheid vir beide bestaande en nuwe lede te verbreed, die Fonds se naam en logo verander gaan word. Hy bevestig dat die Fonds se naam na LA Retirement Fund verander sal word effektief 1 Junie 2016. Die Fonds se opwindende en insiggewende nuwe lid induksie video word vertoon en kan besigtig word by www.laretirementfund.co.za.

10. DANKBETUIGINGS deur me Michelle van Zyl

10.1 Aan die Hoofbeampte, me Ilse Hartlief, vir haar passie, entoesiasme en aktiewe deelname in die sake van die Fonds;

10.2 Aan me Valerie Nelson en haar span vir die skep van die nuwe lid induksie video en vir hul kommunikasie ondersteuning;

10.3 Aan me Susan Erasmus vir die organisering en koördinering van die vergadering;

10.4 Aan me Natalie Cedras van Fedics en haar personeel vir die spyseniering;

10.5 Aan die aanbieders: Me Yvonne Wilken en mnre Duncan Theron, Sean Neethling en Braam du Plessis vir hulle interessante en insiggewende aanbiedings;

10.6 Aan mnr Edward Thomson vir die skriflesing en inspirerende wyse waarop hy die vergadering geopen het;

10.7 Aan die Voorsitter, mnr Herman Botha, vir sy visie, sterk leierskap en leiding as Voorsitter;

10.8 Aan die Trustees vir hulle onwrikbare lojaliteit, harde werk en betrokkenheid by die bestuur van die Fonds;

10.9 Aan Adv Christi Franken van Verso Finansiële Dienste en sy personeel vir hul voortdurende ondersteuning en uitstekende administratiewe diens aan die Fonds;

10.10 Aan mnr Herman Potgieter van TGI vir die opname van die vergadering;

10.11 Aan Sanlam vir die gebruik van die ouditorium;

10.12 Aan alle afgevaardigdes vir hulle verteenwoordiging en deelname.

'n Voorspoedige terugrit word elkeen toegewens.

Die vergadering verdaag op Vrydag, 27 Mei 2016 om 11:30.

.....
DATUM

.....
VOORSITTER

Bylae A

Voorsittersrede

Beste lede, werkgewers, kollegas en ander belanghebbendes

Dankie vir u bywoning vandag en vir die geleentheid om u oor belangrike Fondsontwikkelinge in te lig.

Ek is vandag weer eens bevoorreg om as die trotse voorsitter van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds (KGPF) met u te gesels. Dit is een van die oudste fondse wat ten bate van die werknemers van plaaslike owerhede op die been gebring is (dit bestaan al 73 jaar, om presies te wees) en het geleidelik ontwikkel tot waar dit vandag is – 'n groot, goed befondsde pensioenarisportefeulje en 'n dinamiese vastebydrae-voordeelfonds vir aktiewe lede.

Die Raad van Trustees en ons diensverskaffers het die afgelope drie jaar onvermoeid gewerk om die Fonds te herstruktureer. Hierdie projek is onlangs suksesvol afgehandel met die oorskakeling van die laaste oorblywende 20 aktiewe vastevoordeel-lede na die vastebydrae-afdeling. Vanaf 1 April 2016 bestaan ons aktiewe ledekorps slegs uit vastebydrae-lede.

Ons lastegedrewe beleggingstrategie wat die pensioenarisportefeulje ondersteun, het presies bereik wat daarmee beoog is. Die pensioenarisrekening was teen 30 Junie 2015 101.4% befonds. Dit is vir my aangenaam om te kan bevestig dat die Fonds nog altyd sy belofte aan pensioenarisse, om elke jaar op 1 Januarie 'n jaarlikse verhoging van 60% van die verbruikersprysindeks (VPI) aan te kondig, kon nakom. Hierbenewens het die Raad van Trustees in Desember verlede jaar 'n jaarlikse bonus van 75% van bruto maandelikse pensioene vir ons 4 218 pensioenarisse aangekondig.

Ons is trots op die uitstekende beleggingsresultate wat ons oor baie jare behaal het. Ons spits ons steeds hierop toe, ondanks die uiters strawwe ekonomiese en politieke omgewing en die ongelooflik onbestendige beleggingsmarkte. Die onderliggende beleggings van die Fonds se Lewensfase-beleggingstrategie het met inagneming van hierdie uiterste onbestendigheid goed gevaar. Die Fonds se Akkumulasiefase-portefeulje met sy matige tot aggressiewe toewysing aan aandele het oor die jaar geëindig 30 Junie 2015 laer as sy doelwit van VPI + 6% presteer, maar het dit die Alle Aandele-indeks oor hierdie tydperk met 1.47% oortref en 'n totale opbrengs van 7% behaal. Die Konsolidasie- en Bewaringsfase-portefeuljes het albei hul onderskeie langtermynprestasie-doelwitte van VPI + 4% en VPI + 2% oor die 12 maande tot Junie 2015 ver oortref, en onderskeidelik 12% p.j. en 10.4% p.j. behaal. Algeheel het die vastebydrae-opbrengste vir die 12 maande geëindig 30 Junie 2015 die doelwit van 10.8% (d.i. VPI + 6%) oortref. Die totale opbrengs was 11.4%.

Ondanks bogenoemde het ons batekonsultante in die onlangse April-nuusbrief aan lede gemaan dat lede nie moet verwag dat die uitsonderlike opbrengste van die afgelope dekade oor die volgende drie tot vyf jaar herhaal gaan word nie, hoofsaaklik as gevolg van die negatiewe makro- en politieke omgewing. Lede word herinner dat genoegsame voorsiening vir aftrede nie om tydsberekening van die mark gaan nie, maar dat dit tyd in die mark is wat die deurslag gee. Dit is nooit raadsaam om tydsberekening op die mark te probeer toepas deur in en uit die verskillende beleggingsportefeuljes om te skakel en in die proses moontlik jou verliese te kapitaliseer nie. Ons boodskap aan lede is om dissipline toe te pas en op die lang termyn op hul normale aftreedatum te fokus. Dit vorm ook die hoeksteen van ons Lewensfase-beleggingstrategie.

Ons bly daartoe verbind om ons algemene bedryfskoste en die koste vir die verskaffing van ons risikovoordele te verminder om sodoende u bydrae tot u aftreefondse te maksimeer. Daarom word die koste effektiwiteit van ons konsultasiedienste asook risikovoordele jaarliks geëvalueer om te verseker dat mededingende voordele teen die beste pryse verskaf word.

En nou kom ons by die ontwikkelinge sedert 30 Junie 2015 – ons het ons nuwe Hoofbeampte, Ilse Hartlief, met ingang van 1 Julie 2015 by die KGPF-span aangestel. Sy het omvattende kennis van die bestuur van ander korporatiewe en multiwerkgewer-fondse soos ons s'n. Ons sê vir haar hartlik welkom in ons span!

Wat wetgewing betref, is daar al baie gesê oor die implementering van die Wysigingswet op Belastingwette op 1 Maart 2016 en die implikasies daarvan. Kortliks beteken dit vir lede dat hul volle bydrae van 27% tot hul aftreebefondsing nou van belasting aftrekbaar is. Dit is inderdaad goeie nuus. Verskeie onlangse reëlwysigings bied nou addisionele voordele vir lede – soos gefaseerde aftrede, wat lede toelaat om uit diens te tree maar hul aftreevoordeel tot 'n later datum in die Fonds te hou. Verder kan Raadslede met ingang van 1 Junie 2016 ook by die Fonds aansluit. Ons sien uit daarna dat nuut verkose Raadslede ná die plaaslike verkiesings later vanjaar by ons Fonds aansluit. Enige Raadslede wie se ampstermyn eindig en hernu word, is ook geregtig om by die Fonds aan te sluit. Baie van hierdie Raadslede sal vir die eerste keer kwalifiseer vir bekostigbare en mededingende risikovoordele wat deur die Fonds verskaf word – hierdie voordele bly van toepassing tot op ouderdom 65.

Die Fonds sal ook sy splinternuwe interne beleggingsgekoppelde lyfrente (annuïteit) vanaf 1 Julie 2016 bekend stel. Dit sal lede wat aftree, in staat stel om 'n baie kostedoeltreffende annuïteit deur middel van die Fonds te koop en steeds toegang tot die Fonds se kostedoeltreffende en goed bestuurde beleggingsportefeuljes te hê. Braam du Plessis van Simeka Konsultante & Aktuarisse sal tydens sy voorlegging vir u al die hoogtepunte van hierdie nuwe voordeel toelig.

Die Raad van Trustees het saam met die Hoofbeamptes en diensverskaffers onverpoosd gewerk om ons doelwitte te bereik. Ons fokus vir die komende jaar is as volg:

- ons beleggingsopbrengste verder te verhoog,
- koste verder te verminder waar moontlik,
- steeds beste praktyke ten opsigte van korporatiewe bestuur en skoon oudits te verseker,
- u, ons lede, te help om u aftrede te beveilig en ons pensioenbelofte aan ons groot groep pensioenarisse gestand te doen,
- die Fonds se ledetal uit te brei, en
- die Fonds se verbeterde kommunikasiestrategie suksesvol in werking te stel.

Wat laasgenoemde betref, is dit vir my aangenaam om die aanstelling van die Fonds se nuwe kommunikasiekonsultante, Old Mutual Korporatief, met ingang van 1 Januarie 2016 te bevestig. Old Mutual het in vennootskap met die Fonds sy verbeterde kommunikasiestrategie bekend gestel. Finansiële voorligting van ons lede bly die kernfokus van hierdie strategie, en in hierdie verband wil die Fonds:

- meer met ons werkgewers en lede skakel deur opvoedkundige sessies by die plaaslike owerhede aan te bied,
- meer Fondsinligting per e-pos en SMS versprei, asook via ons nuwe mobi-vriendelike webtuiste wat binnekort vrygestel word, en
- by persoonlike oriënteringsessies en via ons nuwe oriënteringsvideo met voornemende lede skakel.

Die implementering van die Fonds se kommunikasiestrategie het die Fonds gehelp om sy visie vir die uitbreiding van sy ledetal te verwesenlik. Daar word voorsien dat die vestiging van moontlike verbintenisse met verskillende belanghebbendes in die nabye toekoms hierdie visie verder sal verbreed.

Die toepassing van hierdie strategie het ook tot die bekendstelling van ’n splinternuwe fondsidentiteit gelei – maar meer hieroor ná die voorleggings deur die Fonds se diensverskaffers.

Ek gebruik weer eens graag hierdie geleentheid om my mede-trustees, die Hoofbeampte en die Fonds se diensverskaffers te bedank vir hul harde werk, toewyding en professionaliteit om bogenoemde te vermag. Al ons diensverskaffers het die kortlys gehaal en is dus finaliste in die 2016 Batseta Imbasa Yegolide-toekennings vir uitnemende diens. Ons span verteenwoordig dus die room van die oes!

Baie dankie ook aan die trustees vir die tyd wat hulle aan die Fonds se twee komitees wy, en veral aan die voorsitters van hierdie komitees (die Oudit- & Risikobestuurskomitee en die Korporatiewe Komitee) vir die ekstra ure wat hulle bestee om te sorg dat bestuurstoesig-praktyke van wêreldgehalte gehandhaaf word, en vir die bystand wat hulle aan die Raad van Trustees verleen om ingeligte besluite te neem.

Ek sal nou die diensverskaffers aan die woord stel om hul voorleggings te doen. Daarna sal ek weer my plek op die podium inneem om ons nuwe Fondsidentiteit te onthul. Soos altyd, is daar op die agenda ’n geleentheid vir vrae, en u is welkom om dan enige vrae te vra wat u oor my verslag het.

Diensverskaffers se voorleggings

Die Voorsitter hervat sy rede:

<u>Bekendstelling van die Fonds se nuwe identiteit:</u>

Soos vroeër genoem, het Old Mutual Korporatief in vennootskap met die Fonds ons verbeterde kommunikasiestrategie in werking gestel. Ons eerste sake-item was om die Fonds se aantreklikheid vir beide bestaande en nuwe lede te verhoog deur dit ’n splinternuwe “voorkoms” te gee. Ons nuwe naam, LA Aftreefonds, weerspieël die aanbreek van ’n nuwe era, waarin ons die volgende daadwerklik wil beklemtoon:

- ’n Dinamiese vastebydraefonds vir aktiewe lede
- Breë, inklusiewe lidmaatskap wat nie net tot die Kaap beperk is nie
- ’n Unieke, maklik herkenbare handelsmerk wat ons ledekorps – werknemers van plaaslike owerhede – verteenwoordig
- Ons strewe om ons ledekorps uit te brei
- Die behoud van ons lede, wat die kern van al ons bedrywighede is
- Ons trotse geskiedenis van wêreldklas bestuurstoesig-praktyke en ons sterk beleggingsprestasie.

Ons Hoofbeampte sal die implementering van bogenoemde dryf.

Ons einddoel is om ons lede te bemagtig sodat hulle die regte keuses kan maak om met gemak te kan aftree. Sit agteroor en kyk hierdie kort video-insetsel.

Dankie.

Herman Botha
VOORSITTER

Bylae B

Opsomming
Aktuariële Waardasie
30 Junie 2015

momentum

Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds

Opsomming van die Aktuariële Waardasie soos op 30 Junie 2015

1. Hoofdoelstellings van die waardasie

Die hoofdoelstellings van die waardasie is om:

- Die finansiële toestand van die Fonds te bepaal deur die aktuariële waarde van die bates met die waarde van die opgelope-diens voordele, soos op die waardasiedatum, te vergelyk;
- Die verwagte toekomstige bydraekoers wat benodig word om toekomstige-diens voordele in die vaste voordeel (VV) Afdeling te befonds, te bereken;
- Die beleggingsopbrengs toekennings vir aktiewe lede van die VB Afdeling te hersien;
- Die persentasie, waarmee die maandelikse pensioene kan verhoog, te bepaal;
- Die balans van die aanvaarbare reserwes te bepaal om die Fonds te beskerm.

Die vorige waardasie is soos op 30 Junie 2014 uitgevoer.

2. Lidmaatskap statistieke

	30 Junie 2015	30 Junie 2014
Aktiewe lede (VV Afdeling)		
Aantal	29	959
Jaarlikse pensioengewende salarisse (Rm)	4.9	175.8
Geweegde gemiddelde ouderdom (jare)	51.8	48.0
Geweegde gemiddelde dienstydperk (jare)	22.2	22.4
Nie-bydraende lede	5	5
Aktiewe lede (VB Afdeling)		
Aantal	1 521	717
Jaarlikse pensioengewende salarisse (Rm)	295.1	128.8
Geweegde gemiddelde ouderdom (jare)	49.7	48.2
Geweegde gemiddelde dienstydperk (jare)	20.9	18.2

Pensioenarisse en VV uitgestelde lede	30 Junie 2015	30 Junie 2014
Aantal	4 218	4 467
Jaarlikse pensioen (Rm)	197.0	196.7
Gemiddelde jaarlikse pensioen (R)	46 656	44 025
Geweegde gemiddelde ouderdom (jare)	75.4	74.8

3. Finansiële toestand van die Fonds

VV Afdeling

Finansiële toestand VV Afdeling	30 June 2015 R 000	30 June 2014 R 000
Waarde van bates	2 136 012	3 631 518
Minus Reël 17(5) reserwe		(39 429)
	2 136 012	**3 592 089**
Pensioenarisrekening		
Waarde van bates	2 072 712	2 172 447
Pensioenarisse - laste	(1 984 926)	(1 985 229)
Solvensie Reserwe	(59 771)	(59 902)
Surplus	**28 015**	**127 316**
Befondsingsvlak (Pensioenarisrekening)	**101.4%**	**106.2%**
VV aktiewe lede		
Waarde van bates	63 300	1 419 642
Aktiewe lede - laste	(41 352)	(1 395 916)
Volopbetaalde lede	-	(383)
Surplus	**21 948**	**23 343**
Befondsingsvlak (VV aktiewe lede)	**153.1%**	**101.7%**

VB Afdeling

Finansiële toestand VB Afdeling	**30 Junie 2015 R 000**	**30 Junie 2014 R 000**
	Rentekoers 9.05% p.j.	**Rentekoers 17.48% p.j.**
Markwaarde van bates	1 932 720	566 689
Ledebelange	(1 924 363)	(566 689)
Gebeurlikheidsreserwe	(8 864)	0
Verwerkingsfout Reserwe	507	0
VB surplus	0	0
Befondsingsvlak (VB Afdeling)	**100.0%**	**100.0%**

Beleggingsopbrengs op lede se lidbelange	**% p.a.**
- Opeenhopingportefeulje	7.0
- Konsolidasieportefeulje	12.0
- Bewaringsportefeulje	10.4
- Kontant Plus portefeulje	6.2

4. Toekomstige-diens bydraekoers (oorblywende VV lede)

Die verlangde toekomstige-diens bydraekoers slegs van toepassing op die 29 oorblywende aktiewe lede van die VV Afdeling. Die vereiste werkgewer bydraekoers van 32.11% is meer as die huidige bydraekoers van 26.77% van pensioengewende salarisse vanaf 1 Julie 2015. Die tekort van 5.34% van pensioengewende salarisse beloop sowat R262 000 per jaar.

5. Gevolgtrekkings

- Die pensioenarisrekening is in ‘n gesonde finansiële toestand met ‘n surplus van R28.0 miljoen en is 101.4% befonds.
- Die VV aktiewe lede deel van die Fonds het ‘n surplus van R21.9 miljoen en ‘n befondsingsvlak van 153.1% soos op 30 Junie 2015.
- Die VB Afdeling het ‘n befondsingsvlak van 100.0% en is in ‘n gesonde finansiële toestand.
- ‘n Pensioenverhoging van 3% soos op 1 Januarie 2016 was aan pensioenarisse toegeken.

- ‘n Pensioenbonus van 75% van die maandelikse pensioen was in Desember 2015 toegeken;
- Pro-rata pensioenverhogings en bonusse geld vir pensioene in betaling van minder as een jaar.

Sean Neethling, BSc CFP® FASSA FIA
Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika
in my hoedanigheid as Aktuaris van die Fonds en
as ‘n werknemer van MMI Groep Beperk.

Die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika is my Primêre Reguleerder.

23 Maart 2016